Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

JUNIE 2019

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

LINT SEREMONIEEL GESNY BY KARWYDERSKRAAL-STORTINGSTERREIN

Die geleentheid is bygewoon deur 'n lang lys hooggeplaastes, waaronder Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee, Overstrand se munisipale bestuurder Coenie Groenewald, Overbergdistrik se burgemeester Sakkie Franken, Overbergdistrik se onderburgemeester Archie Klaas, Overbergdistrik se munisipale bestuurder David Beretti en twee raadslede, Kari Brice en Steven Fourie.

Op Vrydag 29 Maart 2019 is Sel 4, wat by die streekstortingsterrein in Karwyderskraal gebou is, seremonieel geopen deur die seremoniële lint te sny.

Hierdie terrein is ontwerp en ontwikkel om voorsiening te maak vir die grondopvulling van gewone huishoudelike afval oor die langtermyn en om organiese afval, wat op die perseel gekomposteer word, weg te lei.

Die Karwyderskraal storingsterrein is die eiendom van die Overbergdistrikmunisipaliteit en word reeds sedert 2002 bedryf.

Sel 4 dek 'n area van ± 4,5 hektaar en konstruksie, wat genoodsaak het dat 130 000 m³ klei uitgegrawe moes word, het in Junie 2018 'n aanvang geneem. Die nuwe sel is ongeveer 3 tot 4 meter diep en sy beskikbare lugruimte sal 524 000 m³ vaste afval kan akkommodeer wat, gegrond op die huidige wegdoeningskoers, beteken dat die sel 'n lewensduur van ongeveer agt jaar sal hê.

Met 'n verwagte lewensduur van 57 jaar word daar voorsien dat die Karwyderskraal-stortingsterrein nog vir baie jare in sy gebruikermunisipaliteite se behoefte aan lugruimte sal kan voorsien.

Sel 4, én die fasiliteit, voldoen aan streng voorwaardes wat deur die nasionale en provinsiale regering opgelê is. Een van die voorsorgmaatreëls wat getref is, het behels dat 'n hoëdigtheid-poliëtileen-plastiekvoering aangebring is om te verhoed dat grondwater besoedel word. Gegewe dat Sel 3 binnekort die einde van sy lewensduur gaan bereik, is Sel 4 nou ten volle in gebruik.

Nuwe netbalbaan vir Stanford

Op Maandag 6 Mei 2019 het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee, tesame met Stanford se Rotariërklub, fase 3 van 'n toegewyde netbalbaan ten tyde van 'n sooispitseremonie wat in Stanford gehou is, van stapel gestuur.

Fase 3 is voorafgegaan deur twee vroeëre fases waartydens verskeie skole en netbalklubs vanuit die area werksessies bygewoon het oor hoe om netbal af te rig en om die voordele voortspruitend uit deelname aan sport in die algemeen te bekragtig.

Gegewe dat Suid-Afrika as gasheer gaan optree vir die Netbalwêreldbeker wat in 2023 in Kaapstad gehou gaan word, is dit te verstane waarom munisipale amptenare én die Rotariërs so opgewonde is oor die vordering wat tot op hede gemaak is. Hulle opwinding word gedeel deur die Rotariërklub van Knoxville, Tennessee in die VSA en die Rotariërstigting wat die fondse ingesamel het om hierdie baan in Stanford te bou.

Daar word voorsien dat die nuwe netbalbaan, neffens die bestaande sokkerveld in Bezuidenhoutstaat, teen Augustus vanjaar voltooi sal wees.

Die onlangse sooispitseremonie ter aanvang van die bou van 'n nuwe Stanford-netbalbaan is bygewoon deur (van links na regs) Rotariër Sharman de Gale, Rotariër Malcolm Bury, netbalafrigter Anchelle Damon, Rotariër Stephen Stocks, areabestuurder vir Gansbaai en Stanford Francois Myburgh, Rotariër Annie Ranger, Rotariër Lana Coates en, natuurlik, Burgemeester Dudley Coetzee wat die spitwerk gedoen het.

Vordering ten opsigte van behuisingsbehoeftes in Kleinmond / opgradering van Overhills

Studies rakende die benutting van ontwikkelbare grond in Kleinmond, die opgradering van die informele nedersetting in Overhills en die behoeftes van agterplaasbewoners in Proteadorp is goed op dreef.

Na aan die einde van 2018 het die span kundiges wat aangestel is om hierdie aangeleentheid te ondersoek, hul verslag aan die projek se beheerkomitee en alle betrokke amptenare voorgelê.

Sodra hierdie verslag en die gerapporteerde behuisingsbehoeftes in Kleinmond geverifieer is, sal dit as 'n vertrekpunt dien om belangrike sosio-ekonomiese inligting te verskaf wat die beplanningsbenadering in Kleinmond ten grondslag sal lê en om, holisties beskou, te bepaal of diegene wat in Kleinmond wil woon tipies sou verkies om 'n huis te besit of te huur, of om van GAP-behuising gebruik te maak, of om toegang tot 'n gedienste perseel te hê. Daar mag selfs mense wees wat eerder elders sou wou woon.

Na afloop van 'n ietwat uitgerekte verkrygingsproses het die provinsiale departement van menslike nedersettings VPUU (Violence Prevention through Urban Upgrades) in die loop van Maart 2019 aangestel om 'n opname by alle informele en agterplaasstrukture in Overhills en Proteadorp uit te voer.

Volgende op twee onlangse vergaderings met die projek se beheerkomitee en die algemene publiek het VPUU te kenne gegee dat veldwerkers gewerf en opgelei is en bevestig dat die opname teen die einde van Mei 2019 'n aanvang geneem het. Volgens VPUU sal veldwerk en datavaslegging teen einde Augustus 2019 afgehandel wees en, na verwagting, sal die bevindinge op daardie tydstip aan die beheerkomitee voorgelê word, waarna daardie bevindinge vir oorweging aan die breër Kleinmondgemeenskap voorgehou sal word.

In die interim, onderwyl die uitslag van hierdie verslag afgewag word, het Overstrand se behuisingsdepartement reeds in November 2018 'n projek van stapel gestuur waarvolgens alle inwoners die geleentheid gegun word om 'n aansoek om gesubsidieerde behuising in te dien en om op die lys van potensiële begunstigdes geregistreer te word.

Van belang is egter om daarop te let dat die ondersoek wat deur VPUU uitgevoer word, geheel en al afsonderlik staan van en geen betrekking het op die aansoeke om behuising wat by Overstrand ingedien word nie.

FynArts HERMANUS



Kom verlustig jou in 'n feesprogram gevul met uitvoerende en visuele kunste, musiek, kosdemonstrasies, wynproeëry en 'n uiteenlopende verskeidenheid gassprekers en werksessies.

Ingesluit by die program wat vanaf 7 tot 17 Junie aangebied gaan word, is demonstrasies deur befaamde sjefs wat, in die geselskap van televisiepersoonlikhede, hul vaardighede, resepte en staaltjies gaan deel onderwyl wyne tussendeur geproe word. Elke demonstrasie sal gelyktydig op 'n televisieskerm gebeeldsend word. Besoek hermanusfynarts.co.za vir 'n volledige program. Kaartjies kan aanlyn bekom word via webtickets.co.za, van die toerismekantoor in die stasiegebou of deur **060 957 5371** te skakel. Onthou ook om aan te teken vir die FynArts-nuusbrief, Facebook en twitter (**@hermanusfynarts**).

VERMINDERDE BOUPLANFOOIE VIR SLAGOFFERS VAN BRANDE

Munisipaliteit Overstrand se Raad het die versoek van die Boukontrole-departement goedgekeur om eienaars van eiendom oor die Overstrand te help, wie se huise vroeg in die jaar vernietig of erg beskadig is tydens die verwoestende brande.

Inwoners wat deur rampe geraak is en in die proses is om hul huise te herbou, sal 'n vaste bedrag van R500 (BTW uitgesluit) vir bouplanfooie gehef word. Gewoonlik is die 2018/19 tarief van die koste vir bouplanaansoeke vir 'n huis van 250m ² R10 000.

Die munisipaliteit het hierdie besluit geneem om inwoners te help wat groot finansiële verliese gely het. Die tydperk vir verminderde bouplanfooie vir geboue wat tydens rampe vernietig of erg beskadig is, sal tot 30 Junie 2021 wees.

Indien u verdere inligting en / of advies in hierdie verband benodig, kontak ons by enquiries@overstrand.gov.za of besoek

HERMANUS ADMINISTRASIE
Patersonstraat 16, Huis nr. 2
Tel: 028 313 8089
GANSBAAI ADMINISTRASIE
Kapokblomstraat 1
Tel: 028 384 8321
STANFORD ADMINISTRASIE
Queen Victoriastraat 17
Tel: 028 341 8500
KLEINMOND ADMINISTRASIE
Vyfdelaan 37
Tel: 028 271 8427

CAMPHILL BRAND - *VORDERINGSVERSLAG*

Op lange laas is 'n proses van stapel gestuur om werk te maak van die ondergrondse brande wat steeds in gedeeltes van die turfgrond op die eiendom van die Camphill-plaasgemeenskap en -skool smeul.

Gekenmerk as een van die enigste oorblywende palmietmoeraslande, is hierdie turfgrond van uiterste ekologiese belang aangesien dit 'n kritieke rol vervul in die funksionering van die Onrusrivier en daardie rivier se monding; juis daarom moet dit teen elke prys behoue bly. Die turfgrond strek oor 'n area van 33 hektaar en bestaan na raming reeds sowat 12 000 jaar.

Die ondergrondse brand woed in 'n area van 9 hektaar wat deur uitheemse indringerplante oorgeneem en geërodeer is. Hierdie gedeelte van Onrusrivier brand reeds sedert 11 Januarie 2019.

Weens die intensiteit van die brand, is dit haas onmoontlik om dit op 'n konvensionele manier te blus.

Ongelukkig het die onlangse reën geen impak op die vlak van die grondwater gehad nie, welke vlak sal moet verhoog om die vuur te blus. Terloops, die vorige keer toe die turfgrond gebrand het, het dit agt maande sonder enige intervensie geneem voordat die brand uiteindelik deur 'n nat reënseisoen geblus is.

Temperature na aan die kern is so hoog as 330°C aangeteken.

Die vlak van die brande varieer weens die geërodeerde toestand van daardie deel van die moerasland. In een van die turfblokke is hitte op 'n diepte van 3,9 m ondergronds gemeet. Plek-plek is die turf 7,25 m diep, maar dit kan selfs dieper strek in die sentrale kanaal.

Voorts is krake, soortgelyk aan dié van 'n heuningkoek, oral op die grond sigbaar waardeur onwelriekende gasse bestaande uit sulfaat, koolsuurgas en metaan deurentyd van die brandkolle ontsnap. Die brande veroorsaak ook heelwat rook wat 'n geweldige impak op die luggehalte van die omliggende area het en die gesondheid van inwoners en leerlinge van die skool nadelig kan beïnvloed, en daarom moes leerders tydelik verhuis. (Leerders kan steeds nie terugkeer na die plaas nie, en die skool word tydelik in 'n saal by die Fernkloof-natuurreservaat gehuisves.)

Die oplossing

- 'n gesamentlike poging tussen Munisipaliteit Overstrand, die departement van omgewingsake, die departement van landbou, bosbou en visserye, Working on Fire (WoF), Rob Erasmus ('n ondersoeker van veldbrande), grondeienaars, die Breede-Gouritz-opvangsbestuuragentskap en verskeie ander kundiges van oral in die land is daar ooreengekom dat 'n WoF-span, bestaande uit 25 lede, die Camphill-plaas as basis sal gebruik en die unieke " SPIKE TOOL" wat in Indonesië ontwikkel is, sal ontplooi.
- Daar sal op 'n area van 800 m² gefokus word, met die voorneme om nege gate per vierkante meter te boor ten einde die brand van onder af te blus.
- Die WoF-span sal sewe dae per week werk, en daar word geraam dat hulle nagenoeg drie maande gegun moet word om die brand te blus.

Ons doen 'n beroep op die publiek om hierdie area te vermy. Hierdie ongewone brand het tot gevolg gehad dat die grond nou sag en onstabiel is, en dit gee selfs kol-kol mee. Motoriste word ook aangeraai om nie langs die pad stil te hou om die WoF-span se bedrywighede dop te hou nie.

NUWE BAADJIE VIR *GANSBAAI SE BIBLIOTEKE*

Gansbaaibiblioteek se personeel: Sharman Geldenhuys (bibliotekaresse), Ronette Dreyer, Edna van der Linde en Busisiwe Mtatase (voor)

Munisipaliteit Overstrand het onderneem om twee van die biblioteke in die Gansbaaigebied in 'n nuwe baadjie uit te dos.

Selfs al gaan dit somtyds lawaaierig wees, is die Gansbaaibiblioteek van voorneme om oop te bly onderwyl die opknappingsprojek onderneem word.

Die personeel van die Gansbaaibiblioteek betuig hulle dank teenoor die gemeenskap vir hulle geduld en volgehoue ondersteuning en moedig inwoners aan om deurentyd van die biblioteek se fasiliteit en dienste gebruik te maak. "Ons is daarvan oortuig dat hierdie verbeterings die gemeenskap tot voordeel sal strek en op die lange duur in belang van die huidige en toekomstige generasie is," het bibliotekaresse Sharman Geldenhuys gesê. Opraderings sal na verwagting teen Junie 2019 afgehandel wees.

Die Eloxulweni-biblioteek sal gesluit bly tot Junie 2019, mits alles volgens plan verloop.

Kontak Gansbaaibiblioteek vir meer inligting by 028 384 8346.

AMPTELIKE INGEBRUIKNEMING VAN SPOEDHOBBELS IN WESTCLIFFRYLAAN *'N HEUGLIKE* OKKASIE

Twee "spoedtafels" (in omgangstaal spoedhobbels) is onlangs in Westcliffrylaan aangebring om motoriste daarvan te weerhou om in hierdie straat te jaag.

Hierdie spoedverminderingsmaatreëls is aangebring by die kruising tussen Westcliffrylaan en Arundelstraat en by die voetgangeroorgaan waar Westcliffrylaan en Orothamnuslaan kruis.

"Dis die eerste keer wat ek 'n spoedhobbel amptelik oop verklaar," het Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee tong in die kies geskerts.

Desondanks het hy die lede van die wykskomitee bedank vir die waardevolle insette wat hulle lewer om Overstrand se paaie beter en veiliger te maak. "Ek is so bly om te sien dat ons wykkomiteestelsel inderwaarheid werk."

Anton Coetsee, wyk 4 se raadslid, was net so in sy noppies met wat die inwoners van Westcliff vermag het, en het Jan Cilliers bedank vir die vasberadenheid waarmee hy oor baie jare heen hierdie projek aangevoor het. "Die spoed waarteen mense in hierdie straat ry, is gevaarlik en Jan het bloot nie 'nee' as 'n antwoord aanvaar nie, baie dankie."

Die heuglike okkasie toe die spoedhobbels in Westcliffrylaan "amptelik" in gebruik geneem is, is bygewoon deur Burgemeester Dudley Coetzee, Wyk 4-raadslid Anton Coetsee, Wyk 4-komiteelid Jan Cilliers wat aan die spits van hierdie projek gestaan het en 'n paar van die lede wat saam met hom op die komitee dien, sowel as inwoners van Westcliff.

O·A·K
overstrand arts • kunste

James Oesi op die kontrabas en pianis, Andrea Vasi, van Nederland, sal die kunstenaars wees wat op Sondagmiddag, 28 Julie, vir **Overstrand Arts/ Kunste (OAK)** optree in die Burgersentrum. Die konsert begin om 15h30.

James Oesi

Kaartjies kos R150 (R60 vir student) en is beskikbaar by die Toerismekantoor in Mitchellstraat (tel. 028 312 2629), Hermanus. Rig navrae aan René du Plooy op 082 940 4238.